AFDELING 1

HEIDELBERG - GISTER
DIE OPNAME

## 1. HISTORIESE AGTERGROND

Die Suikerbosrand (1) was na Potchefstroom, die eerste gebied waar "blankes hulle in die Transvaal gevestig het" (2). Baie van die eerste bewoners het uit Beaufort-Wes se wêreld gekom (3) en hulle vanne leef vandag steeds voort in die straatname van die dorp.

Teen 1836 het groepe Voortrekkers omtrent tien kilometer buite die huidige dorp by Blinkpoort en Lagerspoort saamgekom. Sommige van die plase wat deur die eerstes bewoon is, was Goedgedacht, Houtpoort, Kafferskraal en Langlaagte. Hier het die nuwe boere hulle toegelê op bees- en veral skaapboerdery terwyl saaiery mettertyd 'n groter rol begin speel het.


Na 1859 is 'n gedeelte van Langlaagte op aanbeveling van H J F Ueckermann getransporteer en as dorp uitgelê. Uitgesluit die Kerk, was hy ook die eerste eienaar van 'n erf (4).In 1860 doen die eienaars van die plaas by die Volksraad aansoek om om die stigting van 'Heydelber' goed te keur (5). Diè aansoek is van die hand gewys. Op 28 Maart 1866 word 'n tweede aansoek tot dorpstigting deur die Volksraad bekragtig en op 10 Julie van dieselfde jaar word F K Marè as die eerste landdros aangestel (6). Die hoeksteen van die oorspronklike kerkgebou is egter reeds op 17 Oktober 1864 gelê (7) nadat die gemeente eers deel van die wyke van Potchefstroom en later Pretoria was.

Ueckermann het diep spore deur die vroeë jare van die jong dorp getrap. Hy is in 1827 in Mecklenburg gebore en het sy opleiding in Heidelberg, Duitsland ontvang.

Op twee-en-twintigjarige ouderdom kom hy na Pietermaritzburg om 'n besigheid te open. Tydens een van sy vele transporttogte na die binneland, vertoef hy op die plaas van Jacob Marè en word beindruk deur die strategiese posisie van Langlaagte - hier het die



Figuur 1.1 - Heidelberg vanuit die Suid-weste teen die einde van die vorige eeu. (Africana-biblioteek)



Figuur 1.2 - Huise in Heidelberg teen die eeuwenteling. (Africana-biblioteek)

belangrikste handelsroetes na die suide en die Natalse kus gekruis. In 1861 vestig hy en sy gesin hulle permanent op Langlaagte en maak Ueckermann 'n winkel oop.

Op sy aandrang is die nuwe dorp Heidelberg gedoop en het T W Fannin, 'n landmeter van Durban, die dorp in erwe uitgemeet (8). Later was Ueckermann ook Boumeester en het hy Heidelberg in die Volksraad verteenwoordig.

Nie almal kon die verband tussen die klein dorpie en sy beroemde Duitse naamgenoot verklaar nie.Op pad na Rustenburg was Ds F Lion Cachet dronkgeslaan (9):

> "Er zijn in Z.Afrika nu reeds drie Heidelbergen; èèn in de kolonie, èèn in de Vrijstaat en een hier. Of de naam zoo gewenscht is als de naam voor een dorp, ter wille van de Heidelbergschen catechismus of van het vat te Heidelberg, weet ik niet. Hoe wij dit Heidelberg vonden, blijft mij een raadsel, want de huizen zijn zoo langs den bergrand en half tusschen de klippe gebouwd, dat het, vooral in het donker, moeijelijk valt te zeggen, wààr een klip en wààr een huis is. Door de heer U. (Ueckermann), de aanlegger en bouwmeester van het dorp werden wij vriendelijk ontvangen,..."

By 'n latere geleentheid was hy meer seker wat hy van die dorp en die omgewing gedink het (10):

> "Het dorp Heidelberg ligt, of beter gezechd, hangt, aan de Oostelijke helling van Suikerboschrand, ongeveer 4,800 voet boven het vlak der zee. Op natuurskoon kan de plaats niet roemen, en, schijnbaar ongelegener stuk gronds voor een dorp had men bezwaarlijk in den omtrek kunnen vinden, dan den rotsigen, ongelijken bergrug, waarop Heidelberg gebouwd is. Het is aan alles te sien, dat de plaats niet door Boeren is aangelegd, en niet voor Boerendorp bestemd is, maar voor een handelplaats.



Figuur 1.3 - Ueckermann se winkel, 'n skets van Noel Roberts. (The story of Heidelberg)

> Het dorp bestaat thans uit een 30 of 40 huizen, eenige vrij groote winkels, de gewone goevernementskantoren, en een kerk der Nederd. herv. gemeente".

T F Carter wat net na die Eerste Vryheidsoorlog die dorp aangedoen het, se indruk was beter (11):

> "Eighteen miles from the last post (Rooi koppes) brings you to Heidelberg. Built on the side of a hill with hills on the background, and the Blesbokspruit running in a semicircle round the town, the place is charmingly situated and, with its white houses on the green slope, has the appearance more of a Swiss vilage than a South African town, sweltering in some sheltered hollow.
>
> Strictly speaking, Heidelberg is a market square surrounded by houses; and the Market Square is a space which looks as if it had been somewhat encroached upon by a very sturdy, plainly-built brick building, which but for its cruciform shape you might mistake for a barn. Two square pillars of a heavy order, with a very small bell suspended from a cross-bar between them, form the only adjunct to the only ecclesiastical edifice in Heidelberg, unless the vicarage, parsonage or pastor's house, at the side can be considered as part and parcel of the church. Behind the church you must walk if you wish to get a glimpse of the store of the locally well-known Mr. M'Laren and other places of business, so gigantic in its proportions is the sacred building, which, no matter which way you go, seems constantly to assert itself and force its presence on your mind - a splendid example of the church militant here on earth, or rather I should say here on stone, because the capital of the South African Republic has its foundations laid on that enduring



Figuur 1.4 - Die tronk soos dit vandag daar uitsien.

> substance, typical or non-typical of the stability of the new power to be established in these regions"

Hy gee verder 'n goeie beskrywing van die dorp, die geboue en die inwoners en vervolg:

> "Though there are some buildings constructed of stone, the majority are of brick, either light-red or yellow, the latter of a very indifferent quality. Some of the houses...are of a no mean order of design; indeed, constructed with skill and taste. The parsonage and bank are also the work of some other than a Dutch (12) architect. The town is well supplied by water running from the hills at the rear towards Pretoria. The inhabitants, I am told, numbered about 250, the Scotch element predominating."

Die dorp het stadig maar seker ontwikkel. In 1867 is die eerste dorpskool opgerig - in die dorp wat later tot een van die belangrikste onderwyssentra van die Transvaal sou ontwikkel. In 1869 is die tronk gebou en meer winkels verskyn om die markplein. In 1877 is Shepstone buite die dorp ontvang en 'n ete aangebied. Van die 362 persone wat later ten gunste van anneksasie sou stem, was amper die helfte Heidelbergers (13).

Vanaf 16 Desember 1880 het die dorp as tydelike hoofstad van die ZAR gedien. Die driemanskap, Paul Kruger, M W Pretorius en Piet Joubert het die landdroskantoor as hoofkwartier gebruik. Ook die voorlopige vredesooreenkoms met sir Evelyn Wood is later in Heidelberg onderteken (14).

Die kerkgebou waarna Carter verwys het, is reeds in 1864 gebou. Dit was 'n eenvoudige geboutjie, sonder toring, en het nie veel verskil van die kerkgeboue in Potchefstroom en Rustenburg nie (15). Die Hervormde en NG Kerke is in 1865 gestig en die Gereformeerde Kerk in 1890 (16). Die




Figure 1.5 & 1.6 - Die Stasiegebou en lokomotiefloods in aanbou 1895.
(Stadsraad van Heidelberg)




kerkstryd wat vir jare in die Transvaal gewoed het, het ook in Heidelberg groot invloed gehad, deur kerkvereniging en terug na aparte kerke. Hierdie fundamentele broedertwis het uiteindelik in die hof gedraai (17).

In 1886 is goud op die Witwatersrand ontdek en daarna ook in Heidelberg. Goud het voorspoed, groei en 'n veranderde leefwyse na die eens boeregemeenskap gebring. In 1895 word die poskoets deur die trein vervang. Fisies het die dorp stadig verander en James Bryce, wat Heidelberg in ca 1896 op pad na Pretoria aandoen, skryf as volg (18):

> "The country is so sparsely peopled that if one did not know it was all taken up in large grazing-farms, one might suppose it still a wilderness. Here and there a few houses are seen, and one place, Heidelberg, rises to the dignity of a small town, being built at the extreme south-eastern end of the great Witwatersrand gold-basin, where a piece of good reef is worked, and a mining population has begun to gather"

Na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog het ds A J Louw 'n skooltjie in die kelderkamer van die Klipkerk (1891) begin (19). Diè klein 'weesskooltjie' is mettertyd uitgebou tot die CNO-skool en hieruit het die ideaal en die werklikheid van die Volkskool (1906), die Hoër Volkskool en die Onderwyskollege of 'Normaal School' (1909) gegroei (20). Intussen het die dorp ver buite sy oorspronklike grense gerek.

Afgesien van die Landbou en Onderwys, wat veral verantwoordelik was vir die ontwikkeling van die dorp gedurende die eerste halfeeu van sy bestaan, beskik Heidelberg vandag oor 'n welvarende vervaardigingsbedryf waarop die plaaslike ekonomie meer en meer staatmaak.



Figuur 1.7 - Die stasiegebou, Rietvlei (Stadsraad van Heidelberg)



Figuur 1.8 - Amptenaarswonings, Heidelberg. (Stadsraad van Heidelberg)

VERWYSINGS EN BIBLIOGRAFIE

1. Twee verduidelikings vir die naam 'Suikerbosrand' is in die geskiedenis opgeteken: Dr Gustav Preller haal ene Bronkhorst aan. Volgens laasgenoemde is dit die geselskap van Hendrik Potgieter wat daarop aanspraak gemaak het dat hulle die naam aan die omgewing gegee het en die rede as sou hulle die 'ware suikerriet' teen die rand aan groei kry het (Bosman, 1965:13). Vandag word algemeen aanvaar dat die gebied sy naam te danke het aan die suikerbossie (Protea Melifera) wat in die rante voorkom.

2. Engelbrecht (1935:5) beskou die Metodiste sendelinge wat voor hierdie tyd sendingposte in die Transvaal gestig het, skynbaar nie as permanente nedersetters nie.

3. Onder die eerste mense wat hulle in die Suikerbosrand gevestig het, was die Jacobse, van der Westhuizens, Strydoms, Marais', Venters en Marès (Pont, 1965:20-28; Engelbrecht, 1935:6-12).

4. Erf nommer 92, hoek van Ueckermannstraat en Kerk- (vandag Verwoerd-) straat.

5. Argiefstuk R3941/60, Staatsargief, Pretoria.

6. Bosman, 1965:17.

7. Pont, 1965:25.

8. Bosman, 1965:18-19.

9. Lion Cachet, 1875:10(deel 2).

10. Lion Cachet, 1882:391-392.

60

Z. 14.

Gelewe in u Antwoord te verwys na
In Reply Please Quote

No. T.A.14/3/9.

UNIE VAN SUID-AFRIKA.—UNION OF SOUTH AFRICA.
KANTOOR VAN DIE—OFFICE OF THE

Argief,
Uniegebou,
PRETORIA.

29 Julie 1950.

Mnr. K. Bonsma,
Pretoriusstraat 7,
HEIDELBERG, TVL.

Waarde Heer,

In antwoord op u brief van 13 Julie 1950, wil ek u meedeel dat daar geen dokumente in die Staatsargief gevind kan word wat daarop dui dat die vredesonderhandelinge wat op 21 en 23 Maart 1881 by Laing's Nek tussen die verteenwoordigers van die Engelse en Boeremagte plaasgevind het, ooit te Heidelberg bekragtig is nie - behalwe miskien in soverre dat die vredesbesluite aldaar deur die Volksraad op 15 April 1881, en daarop volgende dae, bespreek is. Maar in hierdie verband dien daarop gelet te word dat dit 'n buitengewone sitting van die Volksraad was, want die landsbestuur was toentertyd nog steeds in die hande van die Britse Regering, hangende die bevindings van die sogenaamde Koninklike Kommissie aan wie die taak opgedra is om oor sekere aangeleenthede voortspruitende uit die vyandelikhede te besleg.

In sy werk A Narrative of the Boer War wy T.F.Carter etlike paginas aan 'n beskrywing van Heidelberg kort na die beeindiging van die Eerste Vryheidsoorlog, en maak o.a. ook melding van 'n "stalwart Scot" genaamd McLaren wat blykbaar welbekend was onder die Boere sowel as Engelse vanweë sy gasvryheid. Volgens Carter was daar van die Boereampsdraers soos dr. E.J.P. Jorissen e.a. wat by meer as een geleentheid ten huise van McLaren byeengekom het in 'n sosiale hoedanigheid. Moontlik is die Vrede van Laing's Nek op sodanige tye informeel bespreek.

In verband met die landdroskap van Heidelberg, kan ek die volgende besonderhede verstrek: Die heer F.K. Maré het in 'n skrywe gedateer 7 Maart 1878, aan Sir T. Shepstone, Administrateur van Transvaal, sy bedanking ingedien as landdros van Heidelberg. In sy plek is, volgens 'n goewermentskennisgewing gedateer 8 Maart 1878, die heer Carl Frederick Ueckermann aangestel.

In die verbygaan wil ek graag u aandag daarop vestig dat dr. H.S.Pretorius wat u indertyd namens my van inligting i.v.m. die stigtingsgeskiedenis van Heidelberg voorsien het, tans nog lewend en wel is, en sedert sy uittrede uit die Staatsdiens as Argivaris van die Ned.Herv. of Geref. Kerk, Voortrekker-Gedenksaal, Visagiestraat, Pretoria, werksaam is.

P.S. Sien addendum hierbyaangeheg

Die uwe,

Coenraad Beyers.

HOOFARGIVARIS.

Figuur 1.9 - Argiefstuk T.A.14/3/9 Staatsargief, Pretoria

11. Carter, 1900:357.

12. Carter gebruik "Dutch" vir "boer" by meer as een geleentheid.

13. Stadsraad, 1966:6. Lion Cachet (1882:474) gee ook 'n beskrywing van die ontvangs van Shepstone, maar betwyfel of die boere regtig geweet het wat aan die gang was: "Aan de Rooi-koppen ontving hij weêr een adres, "uitsluitend deur Boeren" getekend; en nabij de "stad" Heidelberg werd hij door het volksraadslid voor het district, aan het hoofd van een honderd Boeren en dorpbewoners, met een adres en vele eerbewijzen ontvangen. In Heidelberg zelf, "vroolijk met vlaggen gedecoreerd", werd hij zeer hartelijk ontvangen".

14. Bosman, 1965:68; Pont, 1965:37; Stadsraad, 1966:6. Carter (1900:324-341) skryf in detail oor die einde van die oorlog en die vredespogings by Laing's Nek, sonder om te noem dat enige ooreenkoms by Heidelberg onderteken is. In 'n brief van die hoofargivaris van die Unie van Suid-Afrika, gedateer 29 Julie 1950, en gerig aan 'n plaaslike historikus, mnr K Bonsma, word onomwonde gestel dat daar nie bewyse is dat die ooreenkoms in Heidelberg onderteken is nie.

15. Volgens afbeeldings in Engelbrecht (1965) was beide die 'nuwe' kerke van Potchefstroom (:60) en Rustenburg (:63) kruiskerke. Diè van Potchefstroom (1866) had 'n grasdak, eenvoudige spitsgewels en gepunte vensters en deure. Die kerk van Rustenburg het tussen die klassieke en die gotiese gehuiwer. Die gebou was gekroon met 'n breë kroonlys waaragter die dak amper verdwyn het. Pleisterpilasters het die gepunte boë omraam en "gotiese" of "kerk" vensters binne pleisterrame het die geheel voltooi. Die kerk op Schoemansdal (:64) het met dieselfde gotiese en klassieke vlakversiering op die hoofgewels gespog, maar anders as die bogenoemdes, was dit nie 'n kruiskerk nie, maar 'n klein reghoekige gebou. 'n Goeie

# Verklaring van Schenker

Ik Frederik Korsten Maré Sr verklaar plechtiglijk dat in aanmerking nemende de bijzondere liefde welke ik koester voor eene degelijke school inrichting onherroepelijk present gemaakt het aan Nicholaas Jacobus van Warmelo als Voorzitter van de Plaatselijke School Commissie van Heidelberg of zijne opvolgers in den tijd zeker erf No 61 ten dorpe Heidelberg. onder de voorwaarde dat de school inrichting daarop, berusten zal bij de stipulatien bepaald door de Schoolwetten des Lands, en in het bijzonder bij de stipulatie dat de Hollandsche taal als medium van onderwijs zal gebruikt worden; en ik de gezegde Frederik Korsten Maré verklaar dat de waarde van gezegd eigendom is (£50) Vijftig Pond Sterling en dat ik het gezegde eigendom aan dan de gezegde School Commissie in geschenk het gegeven op den 20ste dag van Februari 1889, en niet eerder, en dat ik geene consideratie van eenige waarde het of zal ontvangen voor of ten behoeve van de vervreemding van gezegde eigendom.

F K Maré

Verklaard voor mij te Heidelberg dezen 20ste dag van Februari 1889.

J. R. [illegible]
Vrederechter
Heidelberg

Figuur 1.10 - Die voorwaarde van skenking van erf no 61 deur landdros F K Maré. (Acte van Transport, no 1889/550, Ned Geref Kerkargief, Heidelberg)

afbeelding van Pretoria se meer gelede en effe selfbewus versierde kerk, is te vinde in Allen, 1971:100.

16. Stadsraad, 1966:7.

17. Engelbrecht (1935 en 1965), Bosman (1965) en Pont (1965) behandel almal hierdie stryd in diepte.

18. Bryce, 1899: 295-296.

19. Bosman (1965:146-173) bespreek die gemeente se aandeel in die opbouing van die onderwys.

20. Vir die geskiedenis van die Onderwyskollege kyk Bosman (1976) en Rademeyer (1964).

KORT BIBLIOGRAFIE

ALLEN, V. 1971. Kruger's Pretoria. Kaapstad: Balkema. 259p.

BEYERS, C (hoofargivaris). 29 Julie 1950. Brief aan mnr K Bonsma. Argiefverwysing: T.A.14/3/9/. 1p.

BOSMAN, A.E.F. 1965. Aan God alleen die eer Heidelberg Transvaal 1865-1965. Heidelberg: NG Kerk. 186p.

BOSMAN, A.E.F. 1976. Pro Deo et patria 'n geskiedkundige oorsig van die onderwys op Heidelberg sedert 1866. Heidelberg: 67p.

BRYCE, J. 1899. Impressions of South Africa. London: Macmillan. (derde uitgawe). 499p.

CARTER, T.F. 1900. A narrative of the Boer

War: its causes and results. London: John Macqueen.(derde druk). 574p.

ENGELBRECHT, S.P. 1935. Gedenkboek van die Nederduits Hervormde gemeente Heidelberg 1865-1935. Pretoria: Hervormde Kerk Heidelberg. 63p.

ENGELBRECHT, S.P. 1965. Album vir die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Pretoria: HAUM. 100p.

LION CACHET, F. 1875. Vijftien jaar in Zuid-Afrika, brieven aan een vriend. Leeuwarden: Bokma. 185p.

LION CACHET, F. 1882. De worstelstrijd der Transvalers, aan het volk van Nederland verhaald. Amsterdam: Kruyt.


PONT, A.D. (red). 1965. Die Nederduitsch Hervormde gemeente Heidelberg 1865-1965. Krugersdorp: NH Kerk. 82p.

RADEMEYER, J.I. Geskiedenis van die Heidelbergse onderwyskollege 1909-1964. Heidelberg: HOK. 94 p.

STADSRAAD van Heidelberg. 1966. Heidelberg Transvaal 1866-1966. Heidelberg: 20p.

ONGEPUBLISEERDE MANUSKRIPTE

BONSMA K. Iets uit die geskiedenis van Heidelberg. 79p. In besit van Heidelberg Stadsraad. Sluit ook briefwisseling met Staatsargief en G Preller in.




Figuur 1.11 - Die Studiegebied

ROBERTS, N. The story of Heidelberg. 94p. in besit van Heidelberg Stadsraad.

## 2. DIE OPNAME

Die opname van plekke van historiese, argitektoniese en sosiale belang is op versoek van die Munisipaliteit van Heidelberg gedoen en sluit die gebied tussen Jordaanstraat in die noorde en die Blesbokspruit in die suide, en tussen Louwstraat in die ooste en Hospitaalstraat in die weste.

Uit hierdie opname is bewaringsgebiede sowel as individuele plekke van belang ontleed. Voorstelle word gemaak vir die toekomstige hantering van hierdie identifiseerde plekke en die resulterende optrede kan tot 'n groot mate die kwaliteit van die toekomstige Heidelberg bepaal.

## 3. OPNAMEMETODES

Die opname is deur dosente en studente van die Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria, gedurende 'n weeklange besoek aan Heidelberg in Augustus 1987 gedoen en die metode gevolg word in Bylae 2 verduidelik.

Alle geboue en oop terreine binne die grense hierbo gestel, is ondersoek en die werksdokumente word ook tot die beskikking van die Stadsraad van Heidelberg gestel.

## 4. GELYSTE PLEKKE

Die lysting van plekke in hierdie verslag dui aan dat die ondersoekspan hulle as van sodanige belang beskou dat spesiale baplanningsbeskerming binne die

Dorpsbeplanningskema van Heidelberg aan hulle verleen behoort te word.

Hulle is òf individueel van groot historiese, argitektoniese of sosiale belang, òf dra by tot die straatbeelde en ontwikkelde ruimtelike patroon van die dorp.

Lysting beteken nie dat 'n plek noodwendig tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar of op die Nasionale Register geplaas moet word nie, alhoewel verdere ondersoek in sommige gevalle tot sodanige besluit mag lei.

Hulle belang word duidelik gestel en die verlangde status of klassifikasie word in elke geval aangedui. Kyk afdeling 2.

5. BEWARINGSGEBIEDE

Die begrip "bewaringsgebied" is ingevoeg in die Wysigingswet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, no 11 van 1986. Dit word definieer as 'n gebied wat op grond van sy historiese, estetiese en wetenskaplike belang as 'n bewaringsgebied aangewys is deur die Raad, na oorleg met die betrokke owerheid en kennisgewing in die Staatskoerant.

> "Such a conservation area recognises that places as a whole have a character that is more than the individual characteristics of separate historic buildings..." (Urban Heritage of South Africa, 1970:26).

Die doel met die verklaring van 'n bewaringsgebied is om:

. Die omgewingseenheid te bewaar;
. 'n meganisme te skep waardeur die karakter van nuwe ontwikkeling, op veral leë erwe, beheer kan word;
. dit onnodig te maak om elke onafhanklike artefak wat



Figuur 1.12 - Van der Westhuizenstraat.

tot die geheelbeeld bydra, te verklaar;
- die karakter te identifiseer en te omskryf sodat riglyne vir invulwerk en veranderings vasgelê kan word;
- te help dat geboue wat individueel minder belangrik is, maar as 'n groep 'n spesifieke karakter verteenwoordig, bewaar kan word.

Heidelberg beskik oor dele en strate wat as gebiede van steekhoudende karakter sensitief vir onbeplande verandering is. Hierdie gebiede is identifiseer as:

- Die Dorpsplein;
- Verwoerdstraat tussen die spruite;
- Van der Westhuizenstraat tussen die spruit en Jordaanstraat;
- Voortrekkerstraat tussen Jordaanstraat en Strydomstraat.
- Die rivier- en spruitoewers.

Dit is van belang om hierdie gebiede as bewaringsgebiede te laat verklaar omdat dit die plaaslike owerheid sal toelaat om ontwikkeling binne die gebiede te monitor en die graad van verandering aan die karakter van die hele dorp te beheer.

Die presiese afbakening van die gebiede benodig verdere en detailleerde studie deur kundiges. Die elemente wat die gebied bewaringswaardig maak, word egter in die ontlede besprekings van elkeen gegee.

Dit is noodsaaklik dat toekomstige ontwikkeling in bewaringsgebiede volgens 'n oorhoofse plan geskied, opgestel deur sensitiewe en kundige argitekte en landskapsbeplanners en dat selfs klein aanpassings binne die raamwerk van die verlangde karakter sal inpas.

## 6. BEWARINGSAKSIE

Die dorpsbeplanningskema van Heidelberg behoort aangepas te word om bewaring in die skema in te sluit. Die hersiene skema behoort toe te laat vir 'n ewewigtige beleid van kontroles en aansporings, nie alleen om te bewaar nie, maar ook om die bewaarde erfenis te gebruik as afspringpunt vir die uitbouing van die karakter van die dorp.

Gebiede van spesiale argitektoniese en historiese belang is identifiseer. Hulle behoort, in samewerking met die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, ondersoek te word met die oog op statutêre registrering en bewaring.

Uit hierdie verslag, en na ondersoek en onderhandelings, behoort 'n bewaringslys vir Heidelberg opgestel te word. Die Munisipaliteit moet spesiale vereistes, verslappings en riglyne vir hierdie eiendomme neerlê. Spesiale regulasies is ook nodig om ontwikkeling in sekere sensitiewe gebiede, nie aleen te beheer nie, maar te lei.

Voorsiening vir die deelname van die inwoners van Heidelberg moet gemaak word. Basset (1985:V-XXIII), bespreek in detail hoe die Raad eienaars kan motiveer en kan help om 'n bewaringsaksie se sukses te verseker. Hierdie aanbevelings verdien deeglike studie. Dit word as aparte aanhangsel tot hierdie verslag gevoeg.

## BIBLIOGRAFIE

BASSETT, B. 1985. An annotated survey of buildings of architectural, historical and contextual importance in the central area of Worcester. Cape Town: NMC. 112p.

URBAN heritage of South Africa. 1970. Grahamstown a pilot study in conservation. Grahamstown: 73p.

## 7. AANBEVELINGS

Daar word aanbeveel dat hierdie verslag deur die Stadsraad van Heidelberg vir implimentering oorweeg word.

## 8. STUDIEGROEP

S W le Roux, R Fisher, J Booysen, D Moolman.

A Badenhorst, N Bester, H Comrie, C Crous, J Dehlen, M Dracoulis, P du Toit, D Hechter, W Human, M Knox, E Lessing, D Lourens, P Mathews, F Metz, H Nel, J Oost=huizen, T Ortner, M Palin, P Pretorius, C Scheffer, B Schmidt, S Scutte, AJ Smit, R Steenkamp, F Thomashoff, C van der Merwe, C van der Westhuizen, L van der West=huizen, E van Heerden, ME van Heerden, C van Schalkwyk, P Wannenburg, I Westmaas, D Zovitsky.

Illustrasies: P Gouws, A Karstell, K Nel.